COLGATE-PALMOLIVE COMPANY

Gedragskode

Ons leef ons waardes uit

ONS

DIE KRAG VAN ONS

'n Boodskap van ons Voorsitter, President en Hoof Uitvoerende Beampte

Ons Gedragskode lei Colgate-mense al meer as 30 jaar op met beginsels wat ons waardes weerspieël,.as ook standaarde stel vir ons etiese optrede. Terwyl ons waardes en beginsels blywend is, word die Kode gereeld opgedateer om te verseker dat die veranderende konteks van ons besigheid aangespreek word. Ons werk as Colgatemense, ongeag waar in die wêreld ons werksaam is, en om te verseker dat ons gedrag en besluite altyd aan ons Kode gestand doen.

Hierdie jaar het nuwe uitdagings en geleenthede daargestel wat alle aspekte van ons lewens beïnvloed het, insluitend diewyses waarop ons te werk gaan. Afstandswerk sal steeds 'n belangrike komponent bly in hoe ons dinge gedoen kry. Maar, ons kan nie toelaat dat afstand ons gedeelde verbintenis tot etiese gedrag beïnvloed nie. Daar word van Colgatemense verwag om die Gedragskode te bestudeer, te begryp, en ten volle daarby neer te lê.. Daar word ook van u verwag om "U menings te lig," en optrede wat teenstrydig is met ons Kode, ons beleide, of toepaslike wetgewing, uit te daag.. Hierdie verbintenisse is om te verseker dat al ons besluite by die werk – of die persoonlike besluite wat ons werk raak – gelei word deur ons verantwoordelikheid om met integriteit en die hoogste etiese standaarde op te tree.

Colgatemense wil wen omdat ons doel so belangrik is: ons bedink 'n gesonder toekoms vir alle mense, hul troeteldiere en ons planeet. Ons is baie trots op ons besigheidsresultate, en ook op die wyse waarop ons daardie resultate behaal. As 'n wêreldwye maatskappy wat in 'n hoogs mededingende mark werk, is besigheidsdruk deel van die gebied. Maar daar is nooit regverdiging om kortpaaie te neem,, of die Gedragskode te oortree nie.

Dankie by voorbaat vir die handhawing van ons waardes, en dat u daartoe verbind is om ons doel te bevorder met die hoogste etiese standaarde wat soe noodsaaklik is vir ons voortgesette besigheidsukses.

Noel Wallace
Voorsitter, President en Hoof
Uitvoerende Beampte

"Ons sukses lê in ons vermoë om die hoogste etiese standaarde te handhaaf deur dinge op die regte manier af te handel. "

Inhoudsopgawe

Oor die gedragskode 4

Sleutels tot etiese besluitneming 5

Sakepraktisynssriglyne 6

Ons doel en waardes 7

Ons verantwoordelikheid met betrekking tot die Gedragskode 9

ONS VERHOUDINGS

Ons verhouding met mekaar 11

Ons verhouding met die maatskappy 14

Ons verhouding met eksterne sakeondernemings 25

Ons verhouding met verbruikers 28

Ons verhouding met die wet 31

Ons verhouding met die gemeenskap 39

Ons verhouding met die omgewing 42

Ons verhouding met ons aandeelhouers 44

LAAT JOU STEM HOOR

Ons verantwoordelikheid teenoor ons menings lug 46

Meer oor die Gedragskode

Ons Gedragskode dien as 'n belangrike hulpbron om te verseker dat ons daaglikse sakeomgang met integriteit uitgevoer word. Die Gedragskode laat ons elkeen duidelik verstaan dat die wyse waarop ons bedryfsresultate bereik belangrik is. Colgate se Gedragskode geld vir alle Colgate-mense, waaronder direkteure, korporatiewe beamptes, asook al die werknemers van die Maatskappy en filiaalmaatskappye . Soortgelyke vereistes geld ook vir verkopers en verskaffers, aangesien voldoening aan Colgate se Gedragskode vir derde partye 'n voorwaarde is om met Colgate sake te doen.

Elke werknemer is verantwoordelik daarvoor om aan die vereistes van die Gedragskode, die Sakepraktisynsriglyne,M aatskappybel eidstukke en alle toepaslike wetgewing te voldoen. Deurdat ons etiek en integriteit ten volle deel maak van ons volgehoue sakeverhoudings en besluitneming, toon ons 'n verbintenis tot 'n kultuur wat die hoogste etiese standaarde promoveer.

Colgate is verbind daartoe om 'n werksplek te skep wat vry is van onvanpaste of onwettige gedrag, en waarin mense aangemoedig word om hul besorgdheid met die maatskappy te deel, sonder vrees vir vergelding. By Colgate sal geen strafmaatreël ingestel word teen enige werknemer, voormalige werknemer, agent of derde party wat oor 'n vermoedelike oortreding van die Maatskappy se Gedragskode, Maatskappybeleid of Toepaslike Wetgewing beswaarmaak,, te rapporteer, te ondersoek of help ondersoek nie, tensy daar bevind word dat daar met opset valse bewerings gemaak word, of valse inligting verskaf word, of of dit nie ter goeder trou gemaak of verskaf word nie. Colgate sal die vertroulikheid van alle klagtes sover moontlik handhaaf. Alle aantygings van vergelding sal ondersoek word, en indien nodig, sal dissiplinêre stappe tot en met diensbeëindiging geneem word.

Die gedragskode is aanlyn beskikbaar, en is in twee-en-veertig tale vertaal. Colgate vereis dat alle Colgate-mense die Gedragskode bestudeer, begryp, en nakom. Om ons verbintenis te versterk, ontvang Colgatemense voortdurend opleiding aangaande die Gedragskode, en word hulle voldoening aan die Kode jaarliks gesertifiseer.

Sleutels tot etiese besluitneming

Die maklikste manier om nakoming van die Gedragskode te verseker, is om gesonde oordeel te gebruik, en leiding te soek wanneer vrae opduik. Indien u onseker is, vra uself die volgende af voordat u op 'n spesifieke manier optree:



Indien u enige vrae of kwellinge oor die vertolking of nakoming van die gedragskode, die sakepraktisynsriglyne, of enige verwante Colgate-beleid of -prosedure het, moet u die situasie met u bestuurder, die Menslikehulpbronafdeling, die Globale Regsorganisasie, of die Globale Etiek-en Nakomingsorganisasiebespreek.

Sakepraktisynsriglyne

Colgate se Sakepraktisynskriglyne (BPG's) is 'n hulpbron vir werknemers wat ontwerp is om verdere, en meer gedetailleerde, leiding te verskaf aangaande relevante Maatskappyriglyne, -standaarde, -beleide en -praktyke. Colgate se sakepraktisynsriglyne met betrekking tot vaardigheid en kreatiwiteit geld vir alle Colgatemense, waaronder direkteure, korporatiewebeamptes van die Maatskappy, asook alle werknemers van die Maatskappy en filiaalmaatskappye .

As u vrae het of twyfel oor enige aspek van die riglyne, of enige verwante beleide of toepaslike wette, behoort u uit te reik na die Globale Regsorganisasie, Globale Etiek- en Nakomingsorganisasie, Menslikehulpbronne, of u bestuurder.

Om meer te wete te kom, kan Colgatemense toegang verkry tot die **Sakepraktisynsriglyne hier**.

Ons doel en waardes

Colgate-kultuurargitektuur

DOEL: Waarom ons bestaan

Ons is Colgate, 'n sorgsame, innoverende groeimaatskappy wat 'n gesonder toekoms vir alle mense, hul troeteldiere en ons planeet herverbeeld.

WAARDES: Wie ons is

Ons gee om	Ons is insluitend	Ons is braaf
Ons is verenig om hierdie wêreld 'n beter plek te maak	Ons skep 'n sin van saamhorigheid vir almal	Ons dryf verandering en kry dinge gedoen

LEIERSKAPSBEGINSELS: Hoe ons lei

Kweek vertroue	Skep die toekoms	Verbind tot Trefkrag
Luister met empatie	Streef ons weetgierigheid na	Verskaf duidelikheid
Praat openlik	Moedigee verandering	Neem eienaarskap
Groei saam	Herken vooruitgang	Doen wat reg is

F.E.E.D.: Hoe ons te werk gaan

Fokus (Focused)	Bemagtigte (Empowered)	Eksperimenteel (Experimental)	Digitaal (Didital)
op ons strategiese prioriteite	en aanspreeklike spanne	om innovasie en leerprosesse te versnel	verbind en datagedrewe

Ons verantwoordelikheid tot die Kode of Gedragskode

Die rol van alle Colgatemense:

- Demonstreer Colgate se waardes
- en handhaaf die hoogste etiese standaarde, en demonstreer ook etiese leierskap.
- Vergewis uself, en voldoen aan Colgatebeleide, Sakepraktisynsriglyne, en die Gedragskode.
- Hou uself en u kollegas aanspreeklik vir etiese gedrag. Daag gedrag wat bots met Colgatebeleide of die Gedragskode.
- Moet nooit weerwraak neem teen kollegas wat gesels oor 'n kwessie of bekommernis nie.
- Indien u onseker is, moet u vrae vra, en raadpleeg u Bestuurder, Menslikehulpbronne, die Globale Regsorganisasie of die Etiese- en Nakomingsorganisasie.

Die rol van Colgatemensbe-stuurders:

Ons maak op Colgate se Menslike hulpbronnebestuurders staat om verantwoordelik leiding te gee deur 'n voorbeeld te stel, en oordeelkundige besluitneming aan die dag te lê. U verantwoordelikhede as Colgate se Menslikehulpbronbestuurders sluit die volgende in:

- Om die regte voorbeeld te stel deur met integriteit op te tree, ander met respek te behandel, en as 'n rolmodel van die hoogste etiese standaarde te dien.
- Beklemtoning van die belang van etiese waardes, en die Maatskappy se verbintenis tot etiese gedrag.
- Handhawing van 'n oopdeurbeleid.
- Skep 'n positiewe werksomgewing waarin u span gemaklik voel om na u toe te kom om bekommernisse te opper, advies in te win, of vermoedelike wangedrag aan te meld.
- Herbevestiging van die Maatskappy se nie-vergeldingsbeleid.
- Indien u onseker is, raadpleeg u bestuurder, Menslikehulpbronne , die Globale Regsorganisasie, of die Etiese- en Nakomingsorganisasie

Ons verhouding tot mekaar

Ons streef daarna om suksesvolle werkverhoudings te handaaf

Ons bou suksesvolle en blywende verhoudings deur die Maatskappy se waardes te demonstreer, en ook deur 'n kultuur van respek te handhaaf.

By Colgate is ons trots op die sterk persoonlike toewyding van ons mense. Hierdie vlak van verbintenis kan slegs bereik word in 'n omgewing van vertroue, oop en eerlike kommunikasie, en respek. Al u onderhandelinge met u eweknieë, u direkte verslae en u toesighouers moet as 'n alliansie uitgevoer word, waarin elke individu se gedrag beheer word deur 'n oorheersende verbintenis tot ons waardes, en die handhawing van die hoogste etiese standaarde.

Ons vier 'n arbeidsmag wat die diversiteit van die wêreld wat ons dien, weerspieël. Ons erken die vele sterk vermoëns en talente wat ons diverse arbeidsmag na die organisasie bring. Dit beteken om ontvanklik te wees vir ander standpunte, en om kulture, opinies of leefstyle te respekteer wat van u eie kan verskil.

U verhouding met u medewerkers moet etiese optrede bevorder deur as voorbeeld van fatsoenlikheid, billikheid en integriteit te dien. As leiers is almal van ons daarvoor verantwoordelik om hoë prestasiestandaarde te handhaaf, en om 'n omgewing te skep wat spanwerk, 'n respekvolle werksplek en etiese optrede bevorder.

Ons waardeer Colgatemense

Colgate se verbintenis tot ons mense word gedemonstreer deur 'n verskeidenheid programme wat ontwerp is om individuele en spanprestasie te bevorder en te beloon. U word aangemoedig om die verwesenliking van u volle potensiaal te bereik, en om 'n sinvolle bydrae tot die Maatskappy se sukses te lewer. Op die ou end is dit Ons Krag wat die sukses van ons Maatskappy moontlik maak.

Colgate-Palmolivemaatskappy verbied diskriminasie teen enige werknemer of werkaansoeker op grond van:

- Ras of etnisiteit
- Kleur
- Geloof
- Geslag of Geslagsidentiteit
- Nasionale Oorsprong
- Burgerskap
- Ouderdom
- Swangerskap
- Seksuele oriëntasie
- Gestremdheid
- Veteraanstatus
- Huweliks- of familiestatus
- Statusas 'n slagoffer van huishoudelike geweld
- Enige ander karaktertrek wat deur wet beskerm word

Dit sluit in,maar is nie beperk tot, werwing, aanstelling, bevordering, verplasing, vergoeding, opleiding, posverlaging of aflegging.

Colgatemense kan bykomende inligting verkry deur die **Maatskappybeleid oor Gelyke indiensneming en die Maatskappybeleid teen Teistering** by ourcolgate.com te raadpleeg.

Die waarde van inklusiwiteit word weerspieël in ons Maatskappy se kulture, praktyks-, en respekvolle optredes in die werksplek-beginsels. Ons handhaaf 'n inklusiewe werksomgewing, en bereik uitnemendheid deur mense met uiteenlopende agtergronde na ons arbeidsmag te lok, en hulle te behou. Ons Maatskappy waardeer diversiteit, en ons is verbind tot 'n werksplek waar werknemers regverdig en gelyk behandel word deur beide bestuur en kollegas, en aangemoedig word om hul idees en menings uit te spreek. Ons verwag van al ons werknemers om ons verbintenis tot 'n kultuur te handhaaf waar respekvolle gedrag die norm is. Kom meer te wete oor ons diversiteitsinisiatiewe deur na die Maatskappy se verslag oor Diversiteit, Gelykheid enInsluiting **te verwys**.

- In ooreenstemming met toepaslike wetgewing, verbied ons seksuele of enige ander soort teistering van Colgatemense, of derde partye wat met Colgate besigheid doen, deur enigiemand in die werksplek, of terwyl hulle maatskappypligte uitvoer.
- Ooreenkomstig die Maatskappy se beleidstukke en prosedures, verbied ons partydigheid, of die skyn van partydigheid in die werksplek.
- Ons wend nie kinderarbeid aan nie. Kinderarbeid word gedefinieer as die indiensneming van enige persoon jonger as die minimum ouderdom wat volgens wetgewing in die betrokke jurisdiksie toegelaat word. Ons sal egter onder geen omstandighede bewustelik enigiemand jonger as sestien (16) jaar in diens neem nie.
- Ons streef daarna om potensiële gevare in die werkplek te elimineer, en om te voldoen aan al die toepaslike wetgewing en standaarde oor beroepsveiligheid en -gesondheid.
- Ons verbied die besit, gebruik, verkoop of oordrag van onwettige dwelms of dwelmverwante toebehore, asook die misbruik van voorskrifmedikasie op maatskappyeiendom (voertuie inkluis) of in maatskappytyd;
- Ons verbied dit dat Maatskappypligte onder die invloed van alkohol of ander dwelmmiddels uitgevoer word;
- Ons vereis dat enige geval van dwelm- of alkoholmisbruik by die werksplek, geweld, of die onwettige besit van wapens op maatskappyeiendom of in maatskappytyd onmiddellik aan die Menslikehulpbronafdeling, die Globale Sekuriteitsorganisasie, die Globale Regsorganisasie, of die Globale Organisasie vir Etiek en Nakoming of Bestuur gerapporteer word;
- Ons verbied die besit of gebruik van wapens of vuurwapens, ploftoestelle of ammunisie op Maatskappypersele, of tydens die uitvoering van Colgatepligte, soos onderhewig aan plaaslike wetgewing. Die besit van 'n wapen kan vir sekuriteitspersoneel gemagtig word waar sodanige besit nodig geag word om die veiligheid en sekuriteit van Colgate en mense te verseker.
- Ons verbied enige optrede wat as gewelddadig, bedreigend, vernederend of intimiderend beskou kan word, of kan veroorsaak dat 'n ander individu onveilig voel.

Indien u enige kwellings oor dreigemente of dade van geweld het wat die werksplek raak, moet u onmiddelik die Globale Sekuriteitsafdeling kontak by +1 212-310-3333.

Ons verhouding met die Maatskappy

Ons word sterker deur met integriteit en eerlikheid op te tree in alle situasies waarin ons namens die Maatskappy betrokke is.

Ons vermy botsende belange

U oordeel is een van u belangrikste bates. U moet enige aktiwiteit of verbintenis vermy wat teenstrydig is met u objektiwiteit, of die uitoefening van u onafhanklike oordeel wanneer u sake met of namens die Maatskappy doen, of wat dit laat voorkom of u objektiwiteit of die uitoefening van u onafhanklike oordeel ondermyn word. Botsende belange kan in baie gevalle ontstaan. Dit is onmoontlik om alles hier te dek, en dit sal nie altyd maklik wees om te onderskei tussen vanpaste en onvanpaste optrede nie. Indien u twyfel, moet u u Bestuurder, die Menslikehulpbronafdeling, die Globale Regsorganisasie, of die Globale Organisasie vir Etiek en Nakoming raadpleeg voordat u tot aksie oorgaan

Beleggings

Moet nie enige belegging maak wat u sakebesluite kan beïnvloed nie. Maatskappybeleid verbied Colgatemense om groot hoeveelhede aandele te besit, of eienaarsbelang te besit in 'n maatskappy wat met Colgate meeding, of met Colgate sake doen. Hierdie verbod geld nie vir die besit van klein persentasies aandele (gewoonlik minder as 1%) in openbaar verhandelde maatskappye nie, mits die belegging nie finansieël so aansienlik is dat dit die skyn van botsende belange wek nie. Kontak asseblief die Globale Regsorganisasie, of die Globale 0rganisasie vir Etiek en Nakoming indien u potensieël verbode beleggings gemaak het voordat u by Colgate begin werk het.

Familie

U kan u moontlik in die posisie bevind dat u eggenoot of 'n ander familielid een van Colgate se mededingers, klante of verskaffers is, of vir een van hulle werk. Sulke situasies is nie verbode nie, maar vereis ekstra sensitiwiteit om potensiële sekuriteit, vertroulikheid en belangebotsingskwessies aan te spreek. Hierdie situasie, hoe skadeloos dit ook al vir u mag lyk, kan kommer by u kollegas wek wat u werksverhoudings kan beïnvloed. Die blote voorkoms van 'n botsing van belange kan moontlik probleme skep, ongeag die betaamlikheid van u optrede.

Om sodanige probleme te vermy, moet u u spesifieke omstandighede met u bestuurder, die Globale Regsorganisasie, of die Globale Organisasie vir Etiek en Nakoming bespreek om die aard en omvang van enige kwellinge te evalueer, en die geskikte oplossing te bepaal.

Ander werk.

Terwyl Colgate-mense vir Colgate werk, kan hulle nie vir 'n mededinger, of enige derde partye wat met Colgate sake doen, werk, of bystand verleen nie. Daarbenewens mag u nie sonder magtiging van u afdelingspresident of funksiehoof Maatskappytyd, -geriewe, -hulpbronne, -handelsmerke of -logo's gebruik vir buitewerk wat nie met u werk by Colgate verband hou nie.

Persoonlik

Colgate erken en respekteer die regte van Colgate-mense om vrylik om te gaan met mense wat hulle in die werkplek teëkom. Persoonlike verhoudings kan egter botsing van belange skep, en ons moet goeie oordeel gebruik om te verseker dat daardie verhoudings nie:

- Werksprestasie negatief beïnvloed nie
- Die vermoë belemmer om oor ander toesig te hou nie
- Die werksomgewing versteur nie
- Die indruk van partydigheid skep nie

Enige werksplekgedrag wat spruit uit 'n romantiese of vriendskapsverhouding tussen werknemers kan onvanpas wees as die gedrag 'n ongemaklike werksomgewing vir ander, of die persepsie skep dat iemand voorgetrek word. Partydigheid of die neem van sakebesluite wat op romantiese verhoudings of vriendskappe gegrond is en nie in maatskappybelang nie, is verbode.

Daarbenewens is dit onvanpas vir 'n toesighouer of enigiemand in 'n gesagsposisie om 'n romantiese verhouding met 'n ondergeskikte aan te gaan. Romantiese verhoudings met ondergeskiktes kan u vermoë verminder om objektief te wees oor kwessies soos vergoeding, bevorderings, werkspligte, skofopdragte, oortyd of opleidingsgeleenthede. In só 'n situasie moet albei werknemers dit aan die Menslike Hulpbronafdeling en/of die Globale Organisasievir Etiek en Nakoming rapporteer. As u bewus is van 'n romantiese verhouding wat as 'n konflik beskou kan word, raadpleeg asseblief Menslike Hulpbronne of die Globale Etiek en Nakomingsorganisasie.

Direksies

Verkry asseblief goedkeuring by die Etiese en Nakomingsbeampteasook die Hoofregsbeampte voordat u instem om op 'n Direksieraad; of 'n soortgelyke struktuur vir 'n Maatskappy met winsbejag of 'n staatsagentskap te dien.

U hoef nie goedkeuring te verkry om op die Direksie van 'n organisasie sonder winsbejag te dien nie, tensy die organisasie 'n professionele of werksverwante verhouding met die Maatskappy het. In só 'n geval moet u goedkeuring by u Afdelingspresident of Funksiehoof verkry.

Indien u vrae het, of u in 'n situasie met potensieël botsende belange bevind, moet u u Bestuurder, die Menslikehulpbronafdeling, die Globale Regsorganisasie, of die Globale Organisasie vir Etiek en Nakoming raadpleeg. Die Maatskappy sal saam met u werk om die situasie te hanteer en 'n toepaslike oplossing te vind.

Colgatemense kan bykomende inligting verkry deur die Maatskappy se riglyne oor Botsende Belange en Geskenke te raadpleeg wat in die **Sakepraktisynsriglyne** beskikbaar is.

Ons beskerm die Maatskappy se vertroulike inligting.

Colgate se vertroulike inligting is ’n waardevolle bate. Vertroulike inligting is inligting wat in Colgate se sakebedrywighede gebruik word, en wat nie algemeen bekend is of maklik bekend kan word nie, en sensitief is ter wille van mededinging. Die beskerming van vertroulike inligting speel ’n onontbeerlike rol in ons volgehoue groei en mededingingsvermoë.

Wat is ’n paar voorbeelde van vertroulike inligting?

Hoewel hierdie lys nie volledig is nie, verskaf dit voorbeelde van die groot verskeidenheid inligting wat beskerm moet word.

- Sakedoelwitte of -strategieë
- Werknemers-, klante-, verbruikers-, professionele- of verkoperslyste
- Patentaansoeke
- Nie-openbare finansiële inligting
- Produkformules
- Vervaardigingsprosesse
- Enige tipe bemarkings- of verkoopsmateriaal wat nog nie bekend gestel is nie
- Interne inligting wat nog nie openbaar gemaak is nie

U verpligtinge ten opsigte van Colgate se vertroulike inligting is:

DOEN

- Doen redelike stappe om Colgate se vertroulike inligting te beskerm.
- Merk vertroulike dokumente as Vertroulik of Besittersreg.
- Wees versigtig om nie vertroulike inligting in hysbakke, gemeenskaplike areas. of ander openbare ruimtes te bespreek nie.

MOET NIE

- Moet nie vertroulike inligting aan ander Colgatemense of derde partye bekendmaak nie, behalwe op ’n “moet weet”- of “moet gebruik”-grondslag.
- Moet nie derde partye betrek om eiendomsinligting te hanteer sonder toepaslike magtiging en ’n toepaslike vertroulikheidsooreenkoms in plek nie.
- Moet nie vertroulike inligting op webwerwe of sosiale media wat vir die publiek toeganklik is, plaas of bespreek nie.
- Moet nie vertroulike inligting vir u eie gewin of vir die ongemagtigde gewin van persone buite Colgate gebruik nie.
- Moet nie vertroulike inligting in konferensiesale of ongeslote kantore los nie.

Indien u Colgate verlaat, het u steeds 'n verpligting om Colgate se vertroulike inligting te bewaar. U moet ook in gedagte hou dat korrespondensie, gedrukte materiaal, elektroniese inligting, dokumente of enige tipe rekords, asook kennis van spesifieke prosesse en prosedures – hetsy vertroulik al dan nie – aan die Maatskappy behoort, en binne Colgate moet bly. U moet alle Maatskappyeiendom teruggee wat in u besit, in u bewaring of onder u beheer is indien u die Maatskappy verlaat. Indien u onseker is of inligting vertroulik is, moet u met die Globale Regsorganisasie in verbinding tree.

Colgatemense kan bykomende inligting verkry deur die Maatskappy se riglyne oor die Beskerming van Vertroulike inligting te raadpleeg soos wat dit in die **Sakepraktisynsriglyne** beskikbaar is.

Ons kom beleide oor pers- en mediaversoeke na

Colgatemense moet nie reageer op enige versoeke of plasings deur die media, pers, finansiële gemeenskap of die publiek wat u vra om namens Colgate te praat nie.

- Versoeke vir onderhoude of navrae van die media, pers, finansiële gemeenskap of die publiek moet na Korporatiewe Kommunikasie of Beleggersverhoudinge verwys word.
- Versoeke om inligting namens Colgate te verskaf aan kontakte van die Sekuriteits- en Uitruilingskommissie, die New Yorkse aandelebeurs, ander reguleerders, of eksterne prokureurs moet onmiddellik na die Globale Regsorganisasieverwys word.

Dit is uiters belangrik dat geen werknemer self namens die Maatskappy op enige sodanige navraag of kontak reageer nie, aangesien enige onvanpaste of onakkurate reaksie, selfs 'n weiering of ontkenning van inligting, tot negatiewe publisiteit of 'n regsrisiko kan lei, of ander nadelige impak op die Maatskappy kan lei. Dit strek tot navrae of verbintenisse op sosiale media.

Hierdie beleid geld nie vir versoeke om finansiële inligting wat aan die publiek beskikbaar is, soos jaar- en kwartaalverslae, of vir die Maatskappy se publieke promosiebedrywighede nie.

Colgatemense kan bykomende inligting verkry deur te verwys na die Maatskappy se riglyne aangaande die Handel in Sekuriteite en Openbaarmaking van Inligting te raadpleeg wat in die **Sakepraktisynsriglyne** beskikbaar is.

Ons hou akkurate boek- en rekordhoudings

Ons maatskappy se finansiële posisie, en die resultate van sy bedrywighede, moet aangeteken word in ooreenstemming met wetlike vereistes en algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk (AARP). Daar word van Colgate verwag om boekhouding, rekords en rekeninge te handhaaf wat die Maatskappy se transaksies en bates akkuraat en billik weerspieël, en wat ook 'n voldoende stelsel interne rekeningkundige kontroles handhaaf.

Almal wat betrokke is by die skep, verwerking en aantekening van finansiële inligting, word verantwoordelik gehou vir die integriteit en:

- Moet verseker dat alle transaksies en uitgawes behoorlik in die Maatskappy se boekhouding en rekords aangeteken word, insluitend die bedrag van die uitgawe, die ontvanger of begunstigde van die uitgawe, en die sakedoel van die uitgawe.
- Moet volledige en akkurate inligting en behoorlike dokumentasie verskaf met betrekking tot alle Maatskappytransaksies en ordenings van bates.
- Moet verseker dat elke transaksie, rekeningkundige of finansiële inskrywing presies weerspieël wat die ondersteunende dokumentasie beskryf. Geen inligting moet van (of deur) die bestuur van die Maatskappy se interne of onafhanklike ouditeurs weerhou word nie.
- Moet geen valse of misleidende inskrywing om enige rede in enige boekhouding of finansiële rekord van die Maatskappy maak nie.
- Moet nie 'n betaling vir enige ander doel gebruik as wat beskryf word deur die dokumente wat die betaling ondersteun nie.
- Moet nie Maatskappyfondse of -bates vir enige onwettige of onbehoorlike doel gebruik nie.
- Moet inkomste en uitgawes behoorlik op 'n tydige basis erken.

Bates en laste moet na behore aangeteken, en op 'n gepaste wyse gewaardeer word. Daarby moet diegene wat verantwoordelik is vir, of betrokke is by, die voorbereiding van Colgate se opgawes aan die Sekuriteits- en Verhandelingskommisie , asook ander opgawes wat deur die betrokke wetgewing vereis word, of ander korrespondensie met die sake- of finansiële gemeenskap, verseker dat wanneer sodanige opgawes en korrespondensie openbaar gemaak word, dit volledig, billik, akkuraat, wettig, tydig en verstaanbaar is.

Indien u bewus word van 'n moontlike weglating, vervalsing of onakkuraatheid in enige transaksie, rekeningkundige of finansiële inskrywing, of in Colgate se verslae aan die Sekuriteits- en Verhandelingskommisie. of ander kommunikasie, of van enige gebrek in interne kontrolemaatreëls, moet u sodanige inligting dadelik aan u bestuurder of by die Globale Regsorganisasie rapporteer. U mag ook die Globale Etiese- en Nakomingsorganisasie kontak.

Colgatemense kan bykomende inligting verkry deur die Maatskappy se riglyne oor Boekhouding, Rekords en Dokumente te raadpleeg wat in die **Sakepraktisynsriglyne** beskikbaar is.

Onthou

- Maatskappyboekhouding en -Rekords moet akkuraat wees.
- Maatskappydokumente moet Duidelik en Ondubbelsinnig vertoon.
- Geen Valse of Misleidende Inskrywings mag om enige rede gemaak word nie.

Ons beskerm Colgate se bates

Maatskappybates, -geriewe of -dienste moet slegs vir wettige, gepaste en gemagtigde doeleindes gebruik word. Die diefstal van geld, eiendom of dienste word streng verbied. Die gebruik van Colgate-toerusting, -stelsels, -geriewe, -korporatiewe kredietkaarte en -voorrade moet met u werk by Colgate verband hou, of vir doeleindes wat deur die bestuur gemagtig is. U is persoonlik verantwoordelik nie net vir die beskerming van Colgate-eiendom wat aan u toevertrou is nie, maar ook om te help dat die Maatskappy se bates in die algemeen beskerm word. U moet bedag wees op enige situasie of insidente wat kan lei tot die verlies, misbruik of diefstal van Maatskappyeiendom, en u moet al sulke situasies aan u bestuurder of aan die Organisasie vir Globale Sekuriteit rapporteer sodra dit onder u aandag kom.

Slegs sekere Maatskappybeamptes en senior werknemers het die gesag om besluite te neem wat die Maatskappy se bates raak. U mag nie sonder behoorlike magtiging verbintenisse aangaan wat die Maatskappy se bates raak nie.

As u vrae het of verduideliking benodig, moet u u plaaslike of Finansiële Afdeling se Visepresident kontak.

Ons gebruik inligtingstegnologie, kunsmatige intelligensie en sosiale media op ’n verantwoordelike wyse

Gebruik van IT-hulpbronne

Colgate se Inligtingstegnologie- (IT)-Hulpbronne moet op ’n verantwoordelike wyse gebruik word, en op só ’n wyse dat dit met die gedragskode en alle ander maatskappybeleidstukke en -prosedures strook. Colgate se IT-hulpbronne sluit alle huidige en toekomstige rekenaarhardeware en -sagteware, mobiele toestelle, data en bergingsmedia in wat deur Colgate besit, gehuur of voorsien word. Colgate se IT-hulpbronne moet op ’n respekvolle, professionele wyse slegs vir Colgate-sakedoeleindes gebruik word, behalwe vir beperkte en toegepaste persoonlike gebruik.

Colgate se IT-hulpbronne mag nie gebruik word:

- Om teisterende, aanstootlike, lasterlike, bedrieglike of dreigboodskappe te stuur nie.
- Om die maatskappy of ’n derde party se vertroulike of handelsgeheiminligting op onvanpaste wyse te openbaar nie.
- Om sekuriteitsbreuke of steurings by Colgate se netwerk- of kommunikasiestelsel te veroorsaak nie. Daaronder tel onder meer om wurms, virusse, spioeneringsware of wanware of enige ander inhoud of kode van ’n kwaadwillige of ontwrigtende aard te plant of te versend nie.
- Om gebruikerstoegangskontrole- of ander sekuriteitsmaatreëls van enige rekenaar, netwerk, toepassing of ander tegnologie te omseil nie.
- Om nie die regte van enige persoon of Maatskappy wat beskerm word deur ’n handelsmerk, handelsvoorkoms, reg op publisiteit of privaatheid, kopiereg, handelsgeheime, patentereg, of ander wetgewing wat intellektuele eiendomsreg reguleer, of soortgelyke wetgewing of regulasie, te skend nie.
- Om die regte oor publisiteit en privaatheid van enige persoon wat deur toepaslike wetgewing beskerm word, te skend nie.
- Om werwing te doen vir eksterne kommersiële ondernemings, vir godsdienstige of politieke sake, of vir enige ongemagtigde persoonlike voordeel of bevordering nie.
- Om ongemagtigde sagteware vir persoonlike of sakegebruik op Colgate se stelsel af te laai of te installeer nie.
- Vir enige ander gebruik wat deur die sakepraktisynsriglyne verbied word nie.
- Behalwe soos beperk deur toepaslike wetgewing, behou Colgate die reg om alle gebruike na te gaan, op te skort, of om toegang tot IT bronne ter eniger tyd en vir enige rede te termineer. Werknemers moet geen verwagting van privaatheid koester wanneer hulle die Maatskappy se IT-hulpbronne gebruik nie.

Colgate se IT-hulpbronne:

- Moet vir alle Maatskappybesigheid gebruik word. Colgate IT-hulpbronne sluit vir hierdie doel persoonlike mobiele toestelle in wat goedgekeur is deur, en in ooreenstemming met die Mobiele Toestel se Sekuriteitsbeleid funksioneer.
- Persoonlike e-posadresse moet nie gebruik word om Maatskappybesigheid te doen nie.
- Colgate-mense moet nie Maatskappydokumente of e-posse na of van persoonlike e-posadresse stuur nie.

Kunsmatige intelligensie (KI)

'n Kunsmatige-intelligensie-stelsel is 'n masjiengebaseerde stelsel wat uitsette kan genereer soos voorspellings, aanbevelings, inhoud in verskeie vorme (soos teks, beelde, video en klank), of besluite wat werklike of virtuele omgewings beïnvloed. KI-stelsels bied 'n kragtige manier om ons besigheidsprosesse te verbeter, klante- en verbruikerservarings te verbeter en innovasie deur ons bedrywighede te dryf. KI-stelsels het egter verantwoordelikhede en potensiële risiko's vir die maatskappy, ons werknemers en ander belanghebbendes. Ons moedig die verantwoordelike ontplooiing en gebruik van KI-stelsels aan, met die klem op die belangrikheid van goeie oordeel, nakoming van toepaslike wette en regulasies en etiese oorwegings om enige onbedoelde gevolge te versag.

Verantwoordelike KI-beginsels

- Ons tree eties en met integriteit op en respekteer die wet: Ons verbind ons daartoe om KI-stelsels te gebruik op 'n wyse wat getrou is aan ons waardes en doel, om voldoening aan alle toepaslike wette en regulasies, ons gedragskode en ons globale sakepraktykriglyne te verseker, met spesiale fokus op die beveiliging van dataprivaatheid en die versekering van datavertroulikheid en integriteit. Ons is daartoe verbind om dinge op die regte manier te doen en met integriteit op te tree.
- Ons kweek vertroue en aanspreeklikheid: Ons streef daarna om deursigtigheid in ons KI-stelsels se metodes, toepassings en gebruike te handhaaf, binne die grense van sekuriteit, wetgewing en beleid, terwyl ons meganismes ontwikkel om verantwoordelikhede toe te ken en aanspreeklikheid vir KI-uitkomste te verskaf. Ons sal met aanspreeklikheid optree om die vertroue van al ons belanghebbendes te behou.
- Ons bevorder billikheid en inklusiwiteit: Ons is verbind tot regverdigheid en die insluiting van diverse perspektiewe in ons KI-gebruiksgevalle. Ons sal proaktief potensiële vooroordele in ons KI-praktyke identifiseer en stappe doen om dit te versag. Ons streef daarna om uiteenlopende perspektiewe te verteenwoordig en vooroordele te versag.
- Ons prioritiseer mensgesentreerdheid in KI-toepassings: Ons prioritiseer die uitbreiding van menslike vermoëns, die verskaffing van duidelikheid in KI-interaksies en om te verseker dat ons gebruik van tegnologie deursigtig is. Ons sal werk om KI-stelsels te gebruik op maniere wat ons mense en hul gemeenskappe bevoordeel.
- Ons verbind ons tot veilige KI-ontplooiing: Ons is toegewyd aan die implementering van beste sekuriteitspraktyke om robuustheid te bou en risiko met betrekking tot KI te bestuur. Ons sal werk om ons organisasie en belanghebbendes teen sekuriteitsrisiko's te beskerm.

Sosiale media

"Sosiale media" is die term wat toegeken word aan webwerwe, toeps en ander aanlyn hulpmiddele wat gebruikers in staat stel om aanlyn met mekaar in wisselwerking te tree deur inligting, menings, kennis en belangstellings te deel. Sosialemedia-instrumente bied 'n waardevolle manier vir ons om met mekaar sowel as met ons kliënte, verskaffers, verbruikers en professionele mense te skakel. Alhoewel hierdie sosialemediahulpmiddele baie voordele het, hou dit ook gevare in vir die Maatskappy, vir werknemers wat sosiale media gebruik, en vir ander derde partye. Ons moedig u aan om op 'n verantwoordelike manier op sosiale media betrokke te raak, goeie oordeel te gebruik, en persoonlike verantwoordelikheid uit te oefen om enige onbedoelde gevolge te vermy wanneer u op sosiale media plaas. Byvoorbeeld, moet u vermy om enige opmerkings te plaas wat u nie gemaklik sal voel om direk aan iemand anders te maak nie. Daarbenewens is daar streng vereistes wanneer verklarings namens Colgate gemaak word.

Persoonlike gebruik van Sosiale Media – Moets en Moenies

- MOET NIE Maatskappy-e-posadresse in u persoonlike Sosiale Media-interaksies gebruik of insluit nie.

- As u so verkies, identifiseer uself as 'n Maatskappywerknemer as u in 'n individuele hoedanigheid aan Sosiale Mediawebwerwe deelneem (bv. 'n persoonlike Facebook- of Twitter-rekening), maar MOET NIE die naam van die Maatskappy, sy filiale, gesamentlike ondernemings of enige van hul produkte in u gebruikersnaam of skermnaam, gebruik nie.

- MOET NIE logo's of materiaal wat deur die Maatskappy besit word gebruik nie, tensy dit geïdentifiseer word as deur Colgate goedgekeur.

- MOET NIE op 'n onvanpaste manier met mededingers of ander skakel nie (byvoorbeeld deur vertroulike of eie Maatskappyinligting te deel).

- As u aanbevelings oor Colgate-produkte maak, of oor onderwerpe wat met die Maatskappy verband hou op u persoonlike sosiale media-webwerwe plaas, MOET u in ooreenstemming met ons kode en met die wet optree:

    - Onthul in elke sodanige plasing dat jy in diens is van die Maatskappy (byvoorbeeld #Colgateteam of #IamColgate) waar deur die Wet benodig.

    - Hou in gedagte dat mense jou moontlik nie van jou werknemer sal kan skei nie. Ongeag van die sosiale medium platform, behoort jy bedag te wees op die effek van jou woorde en dade op jou en op Colgate-Palmolive se reputasie, en vermy persoonlike plasings wat 'n negatiewe impak op Colgate se reputasie kan veroorsaak.

    - as u vrae oor die Maatskappy of sy produkte op u persoonlike sosiale media-webwerwe ontvang, MOET NIE probeer om self op die kwessie te reageer nie. U MOET eerder 'n skakel verskaf na 'n Maatskappywebwerf wat die kwessie aanspreek, of rig die navraag na die Kontak Ons-afdeling van ColgatePalmolive.com vir 'n antwoord.

Maatskappygebruik van Sosiale Media

Die Maatskappy het goed gevestigde prosesse om nuus te kommunikeer, produkte te bemark en betrokke te raak by advertensies op Maatskappy-geborgde Internet-webwerwe. U mag nie namens die Maatskappy op hierdie werwe plaas nie, tensy u gemagtig is om dit te doen. As u gemagtig is om by hierdie aktiwiteit betrokke te raak, verwys asseblief na Hoofstuk 16, “Sosiale Media,” van die Sakepraktisynsriglyne om die relevante riglyne te hersien.

Verwysings na die Maatskappy

As u onakkurate of onvanpaste plasings opmerk wat die Maatskappy of die Maatskappy se reputasie kan beïnvloed, kontak asseblief Korporatiewe Kommunikasie of die Globale organiesasie vir Etiek en Nakoming.

Colgate-mense kan bykomende inligting verkry deur die Maatskappy se riglyne oor die Gebruik en Beskerming van IT-hulpbronne en Sosiale Media te raadpleeg wat in die **Sakepraktisynsriglyne** beskikbaar is.

Ons verhouding met die buitewêreld besigheidse entiteite

Ons doen sake met eerlikheid en integriteit, en verwag dat die waardes en sakepraktyke van derde partye ons s'n sal weerspieël met betrekking tot nakoming van die wet, produkkwaliteit, veiligheid, menseregte en behandeling van werknemers.

Ons handel eties met derde partye

Ons verbintenis tot die skepping van 'n omgewing van vertroue, oop en eerlike kommunikasie en respek, strek tot ons verhouding met derde partye. Eerlike en billike optrede teenoor derde partye is noodsaaklik vir gesonde, blywende sakeverhoudings. Ons gee regverdig en op gelyke voet aandag aan alle potensiële derde partye. Besluite oor die keuse van verkopers berus op objektiewe kriteria soos prys en gehalte, asook op betroubaarheid en integriteit.

Daarbenewens strek ons persoonlike gunste aan derde partye nie ten opsigte van pryse, promosietoelae, bemarkingshulp of soortgelyk nie. Ons hantering van derde partye word verder bespreek in die afdeling van hierdie Gedragskode wat handel oor ons verhouding met die Staat en die Wet.

Colgate se gedragskode vir derde partye is ontwikkel om ons verwagtinge oor te dra met betrekking tot die etiese gedrag van derde partye saam met wie ons werk.

Colgate-verskaffers en -verkopers moet altyd ingelig word oor die vereiste om die gedragskode vir derde partye na te kom as hulle saam met ons werk, asook die moontlikheid om hul sakegeleentheid by ons te verloor indien hulle dit nie doen nie. Daarby moet ons ons klant- of verskaffersbeleid nakom in soverre dit nie met ons eie beleidstukke bots nie. Die **Colgate se Gedragskode vir Derde Partye** is in verskeie tale beskikbaar.

Ons gee of ontvang nie onvanpaste geskenke nie

Dit is onaanvaarbaar om geskenke, betalings, voordele of aanbiedinge van indiensneming aan te bied, te gee of te ontvang (óf direk na/van u of indirek deur 'n familielid of kennis) om enige besigheidsbesluit te beïnvloed of blykbaar te beïnvloed. Indien u van voorneme is om 'n geskenk, betaling of ander voordeel te gee, of reeds een gegee of aangebied is, mag dit nie meer as 'n nominale waarde (ongeveer 100 Amerikaanse dollar) hê nie. Geskenke mag nooit kontant, 'n kontantekwivalent of sekuriteite wees nie. Hou ook in gedagte dat u slegs een maal per kalenderjaar 'n geskenk met nominale waarde aan, of uit 'n enkele oord mag gee of aanvaar.

Indien u vermoed dat só 'n geskenk, betaling of ander voordeel aangebied of gegee is in 'n poging om 'n sakebesluit te beïnvloed, moet u die Globale Regsafdeling of die Globale Organisasie vir Etiek en Nakoming kontak.

Indien dit die Maatskappy in die verleentheid kan stel as u nie 'n geskenk – waarvan die waarde meer as nominaal is – aanvaar nie, moet u bedoeling om die geskenk te aanvaar met die Globale Regsorganisasie hersien word. Daarby moet u nie reël om namens 'n nabye familielid 'n geskenk, betaling of ander voordeel wat

nominale waarde oorskry, te gee aan, of te ontvang van, enigiemand met wie die Maatskappy 'n bestaande sakeverhouding het, of met wie die Maatskappy 'n sakeverhouding wil vestig nie.

Volg hierdie reël: Moet nooit 'n geskenk gee of ontvang of 'n diens aanbiedas dit u onder verdenking bring, of lyk asof dit u onder verdenking kan bring nie. Dit sluit nie redelike sakevermaak, of geskenke van nominale waarde in wat af en toe voorkom nie.

U moet weet dat spesiale reëls geld vir toegepaste gedrag ten opsigte van optrede teenoor federale, staats-, plaaslike of buitelandse staatsamptenar en state wat verskil van die reëls vir optrede teenoor nie=staatsinstansies. Geen geskenke of ander items, ongeag die waarde daarvan, mag aangebied of ontvang word van enige staatsamptenaar of staatswerknemer in enige land sonder vooraf skriftelike goedkeuring van die Globale Regsorganisasie nie.

Colgatemense kan bykomende inligting verkry oor geskenke aan staatsamptenare of state deur die Globale Staatsuitgawe se Beleid oor Staatsuitgawes, asook die verwante Goedkeuringsvorm en -proses te raadpleeg.

Ons respekteer handelsgeheime en vertroulike inligting

Colgate se beleid is om nie bewustelik inbreuk te maak op die geldige en afdwingbare intellektuele eiendomsregte van andere nie. Dit is ook Maatskappybeleid om ander se handelsgeheime en ander vertroulike inligting te respekteer. Dit is veral belangrik indien u by Colgate aansluit, en kennis dra van 'n vorige werkgewer se handelsgeheime en vertroulike inligting. Die indiensneming van werknemers of voormalige werknemers van mededingers word oor die algemeen nie verbied nie. Die indiensneming van werknemers of voormalige werknemers van direkte mededingers kan egter 'n regsrisiko veroorsaak wat bestuur moet word. Dit sluit die verkryging van vertroulike inligting van ons mededingers of ander derde partye in. Indien enige vrae in hierdie verband opduik, moet u die Globale Regsorganisasie raadpleeg.

Dit is belangrik om die Maatskappy teen toekomstige eise aangaande oortredings of geldelike eise te beskerm indien enigiemand buite die Maatskappy u met 'n uitvinding, ontdekking of idee nader. Moet nie buitestanders toelaat om enige besonderhede van hul uitvinding, ontdekking of nuwe idee aan u bekend te maak voordat u eers die Globale Regsorganisasie geraadpleeg het nie.

Riglyne is beskikbaar op ons eksterne webwerf by **www.colgate.com/innovation**, sowel as vorms en 'n proses om te volg vir mense wat sodanige indiening wil lewer. Indien u 'n ongevraagde versoek, voorstel of navraag ontvang, moet u die persoon na ons eksterne webwerf verwys, en hom of haar instruksies gee om die proses te volg wat daarin uiteengesit is.

Ons verhouding met verbruikers.

Verwys alle partye wat u met ongevraagde versoeke nader, óf na die Globale Regsorganisasie, óf na die Verbruikersakedepartement in u omgewing sodat dit volgens die Maatskappy se prosedures hanteer kan word.

Ons Maatskappy se reputasie is gebou op die gehalte en veiligheid van ons produkte. Ons verbintenis tot Verbruikersgesondheid en -veiligheid is noodsaaklik vir die Maatskappy se volgehoue groei en sukses.



Ons stel die hoogste standaarde vir ons produkte

Ons is verbind daartoe om te verseker dat verbruikers Colgate-produkte se betroubaarheid, gehalte en uitmuntende werking kan vertrou. Buiten die feit dat ons miljarde mense dien in die markte waar ons sake doen, moet ons daarna streef om ons produkte op die doeltreffendste manier moontlik te vervaardig sodat ons bekostigbare produkaanbiedinge kan lewer.

Produkte wat deur Colgate verkoop word, moet nie net aan alle wetlike veiligheidstandaarde voldoen nie, maar ook aan Maatskappystandaarde wat dikwels strenger is. Ons neem deel aan programme om vinnige bystand te verleen aan verbruikers indien daar vermoedelik met produkte gepeuter word,en of dit misbruik of vervals word. Verbruikersgesondheid, -veiligheid en -welstand is van uiterste belang vir ons. As Colgate-werknemer is dit u verantwoordelikheid om onmiddellik enige kwessies wat verband hou met produkgehalte of -veiligheid aan u Sake-eenheidsbestuurder te rapporteer indien u dit teëkom.

Vir bykomende inligting oor die veiligheid van ons bestanddele, raadpleeg asseblief **Ons Beleid oor die Veiligheid van Bestanddele: Verdien u Vertroue vir Generasies, Elke Dag**.

Ons gee gehoor aan verbruikers

Aangesien ons met verbruikersprodukte handel dryf, hang ons sukses af van verbruikerstevredenheid, -vertroue en -goedgesindheid. Ons kan slegs ons doelwitte bereik, en aan verbruikers se behoeftes voldoen deur 'n konsekwente en billike verbruikerskommunikasieprogram te volg.

Ons besef die belangrikheid daarvan om verbruikers se behoeftes en voorkeure vooruit te skat, en daaraan gehoor te gee. Ons glo ook dat verbruikersmenings, -kwellinge en -navrae oor ons produkte wat aan die Maatskappy gerig word 'n belangrike bron van inligting is. Verbruikersbehoeftes verander voortdurend; ons moet dus deurlopend luister na wat mense wil hê om sodoende veranderende behoeftes te bevredig.

Wanneer 'n verbruiker ontevredenheid uitspreek , hanteer ons Verbruikersakespan die probleem spoedig, hoflik en billik, en wend alle redelike pogings aan om die verbruiker se goedgesindheid te behou of terug te wen.

Ons reklame is eerlik en akkuraat

Reklame is een van die belangrikste aspekte van ons besigheid. Reklame moet kreatief en mededingend wees, maar moet ook eerlik, akkuraat en nie misleidend wees nie, en moet andersins voldoen aan alle toepaslike wetgewing.

Reklame skep meer as net ’n beeld van die produk. Dit bou ons reputasie vir betroubaarheid en geloofwaardigheid op.

Addisioneel lê ons sorg aan die dag met die keuse van die media s waarin ons reklameboodskappe verskyn. Ons laat nie toe dat ons advertensies in omgewings verskyn wat nie met ons Maatskappywaardes strook nie; dit sluit inhoud in wat:

- Onnodige of ongevraagde geweld uitbeeld.
- Deur Colgate as antisosiaal of in swak smaak beskou word, of wat antisosiale gedrag deur kykersnabootsing kan stimuleer.
- Seksuele gedrag bevat wat as aanstootlik beskou word .
- Werklike of geïmpliseerde steun verleen aan aktiwiteite wat moontlik die fisieke of geestesgesondheid van ’n individu negatief kan affekteer.
- Mense weens hul ouderdom, nasionale of etniese herkoms, burgerskap, geslag of geslagsidentiteit, seksuele oriëntasie, ras, geloof, of burgerskap, beledig, verkleineer of afkraak, of ander onvanpaste stereotipering aanwend.
- Druk politieke sienings of opinies uit.

Om te verseker dat ons hierdie belofte in ’n toenemende digitale omgewing nakom, magtig ons die gebruik van derdeparty-handelsmerkveiligheidstegnologie op ons digitale advertensies in die grootste mate moontlik.

Laastens gee ons die vertroue en respek terug wat mense ons gee wanneer hulle ons produkte koop deur heersende wette te handhaaf, en die hoogste etiese en morele standaarde te gebruik vir privaatheid rakende die gebruik van data in kommunikasie.

Ons handhaaf standaarde van handelsbillikheid ten opsigte van die opstel, gebruik en keuse van reklame, handelsmerke en ontwerpe, sodat ons produkte uit hoofde van hul eie gehalte en reputasie sukses kan behaal, en nie deur nabootsing of deur te handel in ons mededingers se welwillendheid nie. Handelsbillikheid vereis:

- Streng nakoming van plaaslike wetlike vereistes ten opsigte van handelsmerkskending en onbillike mededinging.
- Om die kopiëring van nie- bekende handelsmerke, slagspreuke, reklametemas en grafika wat deur multinasionale maatskappye en streeksgebonde mededingers gebruik word, te vermy.

Colgate-mense kan bykomende inligting verkry deur die Maatskappy se riglyne oor Reklame en Reklameplasing te raadpleeg wat in die **Sakepraktisynsriglyne** beskikbaar is.

Ons verhouding met die wet.

Ons kom alle toepaslike wetgewing na

Colgatemense moet Maatskappybesigheid op só 'n wyse uitvoer dat dit ten volle voldoen aan die wetgewing van elke land waarin hulle bedrywig is, sowel as aan die betrokke wetgewing van die VSA soos dit in die Maatskappy se riglyne aangaande sakepraktyke, beleidstukke en prosedures uiteengesit is. Raadpleeg asseblief die Globale Regsorganisasie indien u vermoed dat die plaaslike wetgewing teenstrydig is met die toepaslike VSA-wetgewing of Maatskappybeleid.

Ons kom wetgewing oor mededinging na

Colgate en sy werknemers oor die hele wêreld moet aan mededingingswetgewing (bekend as antitrustwetgewing in die VSA) wat van toepassing is in elke land, deelstaat en gebiede waar ons sake doen, voldoen. Die doel van hierdie wetgewing is om verbruikers of ander maatskappye te beskerm deur te verseker dat maatskappye regverdig meeding deur mededingende pryse, meer innoverende produkte en beter diens te bied, en dat maatskappye nie met die markkragte van vraag en aanbod inmeng nie. Byna elke land het mededingingswetgewings verorden. Dit is almal se verantwoordelikheid om die mededingingswetgewing toe te pas waar Colgate sake doen en om, wanneer nodig, leiding van die Globale Regsorganisasie te bekom.

Mededingingswetgewing oral in die wêreld verbied enige ooreenkomste tussen mededingers wat mededinging moontlik kan benadeel. Onafhanklikheid is die sleutel tot nakoming. Colgate moet in sy onderskeie sakebedrywighede onafhanklik optree:

- Prysvasstelling
- Afslag of promosies
- Koop- en verkoopsvoorwaardes
- Keuse van klante, verspreiders of verskaffers
- Keuse van produkte om te vervaardig, en hoeveel om te verkoop
- Aanstelling van werknemers

Dit is belangrik om in gedagte te hou dat 'n onwettige ooreenkoms nie 'n formele dokument of selfs op skrif hoef te wees nie. Dit kan 'n mondelingse ooreenkoms wees, of afgelei word uit 'n sakerigting wat ingeslaan is, of deur toevallige opmerkings wat gemaak is. 'n Ooreenkoms hoef ook nie suksesvol in werking gestel te word om onwettig te wees nie.

Die onafhanklikheid van maatskappye kan geraak word, en 'n onwettige ooreenkoms kan aangedui word wanneer mededingers vertroulike of onbekende inligting oor huidige of toekomstige sakeplanne deel of ontvang (bv. 'n beplande prysstyging, kostes van verskaffers, nuwe produkbekendstellings, werwings- en aanstellingsplanne, ens.). Dit is veral belangrik om dit tydens opnames van handelsverenigingsopnames en in vergaderings in gedagte te hou. Oor die algemeen moet u goedkeuring van die Globale Regsorganisasie verkry voordat u aan enige vergadering deelneem (hetsy persoonlik, virtueel of via sosialemediaplatforms soos Facebook of

Whatsapp) waar 'n mededinger teenwoordig mag wees. U moet nooit vertroulike Maatskappyinligting met mededingers deel nie. U moet onmiddellik die Globale Regsorganisasie in kennis stel indien u inligting oor 'n mededinger ontvang wat u vermoed dalk vertroulik kan wees. U moet nie hierdie inligting gebruik of deel voordat u eers Regsgoedkeuring ontvang het nie.

Mededingingswetgewing beskerm maatskappye ook teen roofsugtige of onbillike optrede deur dominante maatskappye om te verseker dat die mededingingspeelveld vir almal toeganklik en regverdig is. Optredes wat wettig geag word indien dit deur nie-dominante maatskappye uitgevoer word, kan dalk as onwettig beskou word as dit deur dominante rolspelers uitgevoer word. In lande waar Colgate 'n baie sterk markaandeel besit, moet u met u plaaslike regsverteenwoordiger kontroleer dat sekere beplande stappe (bv. 'n spesifieke afslagbeleid of weiering om te verkoop) nie as die misbruik van 'n dominante posisie beskou sal word nie.

Mededingingswetgewing stel ook sekere perke aan verhoudings tussen verskaffers en hul klante en verspreiders. In die meeste lande is enige poging om klante of verspreiders hulle vryheid te ontsê deur pryse vas te stel, bepalings en voorwaardes van kooptransaksies te bepaal of om perke te plaas op hul reg om onafhanklik sake te doen, 'n oortreding van mededingingswetgewing. Dit is belangrik om teenoor ons klante te benadruk dat ons "Aanbevole Kleinhandels- (of Herverkoops) pryse" inderdaad slegs aan te bevele is. Dit staan klante altyd vry om te verkoop teen watter prys hulle ook al wil.

Die gevolge vir die oortreding van mededingingswetgewing is geweldig verreikend, en kan lei tot groot boetes vir die Maatskappy, en strawwe (insluitend tronkstraf) vir die betrokke individue. Selfs ondersoeke na potensieel anti-mededingende optrede kan beduidende skade aan ons reputasie aanrig, en sakebedrywighede in die wiele ry.

U behoort die Globale Regsorganisasie te raadpleeg indien u enigsins twyfel of 'n stap wat u oorweeg 'n kwessie kragtens mededingingswetgewing kan word.

Colgatemense kan bykomende inligting verkry deur die Maatskappy se riglyne oor Mededingingswetgewing wat in die **Sakepraktisynsriglyne** beskikbaar is, te raadpleeg.

Ons kom sekuriteitswetgewing na

Per geleentheid mag u dalk toegang hê tot inligting oor Colgate, of oor ander publieke maatskappye op die aandelebeurs met wie Colgate sake doen, en wat nie aan die publiek bekend is nie ("nie-openbare inligting") – byvoorbeeld finansiële of bedryfsyfers, moontlike samesmeltings of verkrygings, disinvesterings of finansiering, bemarkingsplanne of nuwe produkbekendstellings.

Inligting word gereken as "nie-openbaar" totdat dit behoorlik aan die publiek bekendgemaak is, d.w.s. die inligting is wyd versprei, en genoeg tyd het verloop vir die sekuriteitemarkte om op die inligting te reageer. Indien hierdie nie-openbare inligting as "wesenlik" beskou kan word – m.a.w. inligting wat oordeelkundige

beleggers in ag sal neem wanneer hulle 'n beleggingsbesluit neem – moet u voldoen aan die volgende sekuriteitswetgewing en Maatskappybeleid:

- U moet nie vir u eie gewin of vir iemand anders se gewin aandele, effekte of ander sekuriteite verhandel van die Maatskappy (Colgate of 'n ander) waarop nie-openbare inligting betrekking het nie;
- U moe nie ander mense aanmoedig of oorhaal om op grond van sulke nie-openbare inligting aandele, effekte of ander sekuriteite van sodanige maatskappye te verhandel nie.
- U moet nie sulke nie-openbare inligting aan mense buite Colgate openbaar nie; en
- U moet nie sulke nie-openbare inligting met mense binne Colgate bespreek nie, tensy dit vir hulle nodig is om kennis te dra daarvan.

Met ander woorde, u mag nie enige nie-openbare inligting aanwend wat u deur u werk by Colgate bekom het om uself of ander deur enige sekuriteite- of beleggingstransaksie te verryk nie.

Indien u deur u werk by Colgate op enige nie-openbare inligting verkry, moet u moeite doen om daardie inligting vertroulik te hou, en u mag nie enige handelstransaksies uitvoer met sekuriteite van Colgate, of van enige ander maatskappye wat geraak word (of enigiemand adviseer om enige handelstransaksies uit te voer nie) totdat 'n redelike tydperk verloop het nadat die inligting aan die publiek bekendgemaak is nie. Só 'n verbod geld ook vir die uitoefening van aandeleopsies, asook enige besluite aangaande belegging in of afstandsdoening van Colgate-aandele in die Maatskappy se voordeleplanne.

Indien u Colgate verlaat, het u steeds 'n verpligting om die vertroulikheid van sodanige nie-openbare inligting te handhaaf, totdat daardie inligting genoegsaam aan die publiek bekendgemaak is.

Indien u twyfel of inligting "wesenlik" is. of genoegsaam aan die publiek bekendgemaak is, moet u met die Globale Regsorganisasie in verbinding tree, en uself daarvan weerhou om die betrokke sekuriteite te verhandel, of om die inligting bekend te maak, totdat u Regsgoedkeuring ontvang het.

Ons kom wetgewing teen omkopery na

Colgate se verbintenis om wettig en eties met regerings en regeringsamptenare om te gaan, geld wêreldwyd. Maatskappybeleid, sowel as die VSA-wet op Korrupte Praktyke in die buiteland ("FCPA"), en soortgelyke anti-omkoopwetgewing oor die hele wêreld, verbied ons mense of enigiemand wat namens ons in verband met ons sakebedrywighede optree om enigiets van waarde direk of indirek aan enige staatsamptenaar te gee of aan te bied met die oog daarop om enige saketransaksie te beklink, of enige staatsoptrede of -besluit te beïnvloed.

Maatskappybeleid en sekere toepaslike wetgewing verbied ook enige bevorderingvan of smeergeldbetalings aan staatsamptenare, hetsy direk of indirek,

met die doel om enige amptelike diens of funksie te bespoedig (soos om klein betalings aan 'n amptenaar te maak om Colgate se aansoek na vore te verskuif, of die tydperk te verkort waarin dienste of ander stappe gelewer word). Enige amptelike fooie wat deur fakture- of ontvangsbewyse ondersteun word, en wat deur 'n staatsinstansie uitgereik is, kwalifiseer nie as onvanpaste betalings nie.

Om te verseker dat u nie hierdie standaard skend nie, hetsy direk of deur 'n derde party, is dit die Maatskappy se beleid dat, met die uitsondering van fooie met 'n wetlike mandaat, en ondersteun deur 'n amptelike ontvangsbewys (bv. permit- of lisensiefooie), geen betalings, vermaak, reise, geskenke of ander waardevolle items aan staatsamptenare verskaf of aangebied word nie – ongeag die geldwaarde – tensy dit vooraf deur die Globale Regsorganisasie goedgekeur is nie.

Colgatemense kan bykomende inligting verkry deur die **Globale Uitgawebeleid** oor staatsuitgawes, en die verwante **Goedkeuringsvorm** te raadpleeg.

Dit is belangrik om te weet dat die term "staatsamptenare" wyd gedefinieer word, en individue insluit wat in die diens is van enige openbare of staatsgeafillieerde instelling of organisasie, of wie op enige wyse in 'n amptelike hoedanigheid optree, hetsy voltyds, deeltyds of onbetaald. Staatsamptenare kan gevind word in elke tak en elke vlak van die staat en openbare lewe, en kan enigeen insluit, van laevlak doeanewerknemers tot hooggeplaaste wetgewers, sowel as professore en onderwysers, tandartse, veeartse of ander beroepslui en Sleuteldenkeleiers. asook werknemers van staatsbeheerde mediakanale. Indien u twyfel of 'n individu as 'n staatsamptenaar beskou kan word, moet u met die Globale Regsorganisasie in verbinding tree.

Wees altyd direk en eerlik in u omgang en kommunikasie met staatsamptenare. Enige bewustelike of opsetlik valse stellings teenoor staatsamptenare (mondeling of skriftelik) kan sowel u as die Maatskappy aan aansienlike strawwe blootstel.

Behalwe vir die verbod op die omkopery van staatsamptenare, verbied Maatskappybeleid en toepaslike wetgewing ook die omkopery van private partye. U moet nie poog om enige eksterne party met wie u moontlik Maatskappysake doen se oordeel of gedrag deur beloftes, geskenke of ander voordele, of deur enige ander onwettige aansporing, te beïnvloed nie.

Colgate-mense kan bykomende inligting verkry deur die Maatskappy se riglyne oorlinteraksie met Staatswerknemers en State te raadpleeg soos wat dit in die **Sakepraktisynsriglyne** beskikbaar is.

Ons kom internasionale handelsregulasies na

Die Maatskappy voldoen aan alle toepaslike wetgewing wat internasionale handel reë,l en moet ook voldoen aan die betrokke VSA-handelsregulasies, waar ons ookal in die wêreld sake doen.

Wetgewing oor Handelsanksies reguleer invoere en uitvoere, en kan ook die Maatskappy verbied om sake met sekere lande of sekere individue of instellings te doen. Voordat enige derde party (verkoper,

klant, ens.) betrek word, moet daardie derde party in die ge lyste “Beperkte Partye” nagegaan word, en wat deur die VSA-regering in stand gehou word om te verseker dat dit die Maatskappy vrystaan om met die transaksie voort te gaan.

Daarbenewens moet die Maatskappy voldoen aan Amerikaanse wette wat ontwerp is om te verseker dat Amerikaanse maatskappye nie deelneem aan boikotte wat nie deur die VSA goedgekeur word nie. Hierdie wette is van toepassing op alle Colgate-kantore, werknemers, filiale en affiliasies, ongeag waar in die wêreld hulle geleë is. Enige versoek om deel te neem aan ’n ongekeurde boikot (selfs al weier ons die versoek) moet onmiddellik by die Globale Regsorganisasie aangemeld word vir toepaslike hantering.

Colgate-mense kan bykomende inligting verkry deur die maatskappy se riglyne oor Internasionale Handelsverhoudinge te raadpleeg wat in die **Sakepraktisynsriglyne** beskikbaar is.

Ons kom wetgewing oor dataprivaatheid en databeskerming na

Colgate respekteer die reg op privaatheid van werknemers, verbruikers, klante en verskaffers, asookander derde partye met wie Colgate ’n sakeverhouding het. Ons hanteer persoonlike data dus op ’n verantwoordelike wyse, en in ooreenstemming met alle toepaslike wetgewing wat oor dataprivaatheid en databeskerming handel.

Werknemers mag, as deel van hul indiensneming deur Colgate, sekere persoonlike data soos ’n woon- en e-posadres, sowel as familie-inligting aan die Maatskappy verskaf met die oog op die administrasie van die diensverhouding.

Insgelyks kan ons verbruikers moontlik persoonlike data soos hul naam, huis- en e-posadres verskaf met betrekking tot hul verhouding met die Maatskappy.

In die verloop van sakeverhoudings met Colgate kan klante, verskaffers en ander derde partye persoonlike data soos name, telefoonnommers, straatadresse, ander e-posadresse en kredietkaartinligting aan die Maatskappy verskaf.

Met betrekking tot al hierdie inligting, is Colgate se beleid die volgende:

- Verskaf voldoende kennisgewing voordat persoonlike data ingewin word;
- Verkry bevestigende toestemming wanneer dit deur toepaslike wetgewing vereis word;
- Versamel, gebruik en behou persoonlike data slegs om die rede waarom dit aan ons verskaf is, tensy ons ander wettige gronde vir ander gebruike het, asook vir die noodsaaklikheid vir ons rekordhoudoeleindes;
- Doen redelike stappe om persoonlike data te beveilig om ongemagtigde openbaarmaking of gebruik te voorkom; en
- Voldoen aan alle toepaslike privaatheidswetgewing.

Wetgewing oor dataprivaatheid en databeskerming word voortdurend ontwikkel en gewysig. Ons is daartoe verbind om ontwikkelende wetgewing

oor dataprivaatheid en databeskerming te monitor, en mag, van tyd tot tyd, spesifieke beleidsrigtings in die lig hiervan,ontwikkel.

Colgate-mense kan bykomende inligting verkry deur die Maatskappy se riglyne oor **Databeskerming en Dataprivaatheid** te raadpleeg soos wat dit in die Sakepraktisynsriglyne beskikbaar is.

Ons kom wetgewing oor die behoud van rekords na

Wetgewing oor die hele wêreld vereis dat Colgate sekere tipes rekords vir ’n spesifieke tydperk in stand hou (waaronder fisiese dokumente en elektroniese data). Versuim om aan hierdie vereistes te voldoen, kan die Maatskappy aan aansienlike boetes en ander strawwe blootstel. Colgate is tot ’n Program van Rekordbestuur verbind wat aan alle toepaslike wetlike en regulatoriese vereistes voldoen, die behoeftes tot inligtingsbehoud van ons onderneming bevredig, en voorskryf dat met verouderde of onnodige rekords en ander dokumente op ’n vanpaste manier weggedoen word.

Daar word van u verwag om tydens enige regsgeding, -ondersoek of ander –verrigtings,relevante en noodsaaklike inligting bekend te maak soos deur wetgewing vereis. Dit word van u verwag om die Globale Regsorganisasie in kennis te stel, in soverre wetgewing dit toelaat, wanneer u ’n lasbrief, hofbevel of ander regsgedinguitvoering ontvang wat die bekendmaking van maatskappyinligting of -dokumente toelaat.

In so ’n geval moet u alle instruksies volg wat deur die Globale Regsorganisasie uitgereik word, en alle rekords behou waarmee op die lasbrief, gedingvoering of ondersoek gereageer kan word, ongeag die vereistes van die Rekordbehoudsprogram. U mag nie sodanige rekords vernietig of wysig nie, aangesien die onvanpaste vernietiging van rekords ernstige gevolge kan hê – insluitend siviele en/of strafregtelike boetes en indiensnemingsgevolge vir sowel u persoonlik as die Maatskappy.

Indien u bevraagteken of ’n verslag verband hou met ’n ondersoek, prosedure, of ’n lasbrief, kontak die Globale Regsorganisasie alvorens u die betrokke dokument verwyder. Colgate-mense kan bykomende inligting verkry deur die beleid oor die Program vir Globale Rekordbestuur te raadpleeg.

Ons maak nie politieke bydraes nie

Geen Maatskappyfondse of -bates mag gebruik word vir bydraes aan enige politieke party of kandidaat in enige land, en op enige staatsvlak nie. ’n Politieke bydrae sluit sowel geldelike as nie-geldelike bydraes in. Onder nie-geldelike bydraes tel die aankoop van fondsinsamelingskaartjies, produktebydraes, vrywilligerswerk deur Colgatemense binne normale werskure, en die gebruik van Colgate-geriewe vir fondsinsamelings- of politieke doeleindes. Kontak asseblief die Globale Regsorganisasie indien u ’n vraag het oor ’n moontlike politieke bydrae.

Die Maatskappy word verbied om enige Colgate-persoon of individu wat met die Maatskappy geassosieer word (stemwerwers van buite of ander derde partye inkluis) direk of indirek in enige vorm vir politieke bydraes te vergoed.

Dit staan individuele Colgate-mense vry om persoonlike bydraes te maak vir die kandidate of partye van hul keuse. 'n Persoonlike bydrae is die verantwoordelikheid van die individu, en moet nooit gemaak word met die doel om Colgate of een van sy filiaalmaatskappye op enige manier by te staan nie.

Daarbenewens is individue vry om betrokke te raak by plaaslike politieke aktiwiteite, of om hul verkiesbaar te stel, maar moet dit duidelik wees dat hulle nie die Maatskappy op enige manier verteenwoordig nie, en persoonlike politieke aktiwiteite moet apart gehou word van hul dienste vir Colgate. Boonop kan geen politieke aktiwiteite tydens Maatskappytyd uitgevoer word nie.

Net soos die meeste internasionale maatskappye behoort Colgate aan 'n paar handels- en bedryfsverenigings, en betaal jaarliks lidmaatskapsfooie aan hulle. Om te verseker dat hierdie handelsverenigings nie enige deel van Colgate se lidmaatskapsfooie as politieke bydraes aanwend nie, stuur Colgate se Hoofbeampte oor Etiek en Nakoming jaarliks 'n aanmaning ten opsigte van ons beleid aan alle VSA-handelsverenigings waarvan Colgate 'n betaalde lid is. Dit word vereis van alle handelsverenigings wat 'n drempelbedrag uit Colgate se fondse ontvang om aan 'n jaarlikse sertifikasieproses deel te neem.

Om meer hieroor te wete te kom, raadpleeg asseblief ons **Beleid oor Politieke Bydraes** wat in die afdeling oor "Regeringsbeleid" by colgatepalmolive.com beskikbaar is.

Ons verhouding met die gemeenskap.

Ons het 'n noodsaaklike rol en verantwoordelikheid om by te dra tot, en op te tree in die beste belang van die gemeenskappe waarin ons woon en werk.

Ons is betrokke by plaaslike skenkings en vrywilligeswerk

Dwarsdeur die Colgate-wêreld is dit ons doel om deel te neem aan projekte om ons doel te bevorder om 'n gesonder toekoms vir alle mense, hul troeteldiere en ons planeet te verbeeld – insluitend die ontwikkeling en welsyn van ons plaaslike gemeenskappe.
Ons is daartoe verbind om die welstand van diegene wat ons dien te verseker, 'n kultuur van inklusiwiteit te bou, en betekenisvolle geleenthede te skep vir alle mense om binne en buite Colgate sukses te behaal – en ons werk saam met nie-winsorganisasies wat Colgate se doel weerspieël en Colgate se waardes oordra:

1) Bepleiting vir gesonde glimlagte en gesonde vel;
2) Skep opvoedkundige paaie vir diverse en onderverteenwoordigde studente en Colgate-professies (tandheelkunde, dermatologie en velsorg, veeartsenykunde);
3) Die verskaffing van Voedsel, Skuiling, en Liefde vir troeteldiere oral;
4) Bevordering van omgewingsrentmeesterskap;
5) Bepleiting van optimisme en
6) Die verskaffing van Rampverligting en Noodsorg in Colgate-gemeenskappe.

Die Maatskappy borg leesprogramme, mentorskapsinisiatiewe, studiebeursprogramme, sportkompetisies en ander aktiwiteite aloor die wêreld.
Die Maatskappy moedig ons mense ook aan om in hul vrye tyd deel te neem aan plaaslike liefdadigheidsaktiwiteite wat help om hul doel te vervul.

Ons werk saam met regerings aan kwessies wat ons besigheid raak

Ons Maatskappy bestuur sake in meer as 200 lande en grondgebiede. Ons beleid is om saam met plaaslike en nasionale regerings saam te werk. Daar kan van tyd tot tyd kwessies ontstaan wat ons bedrywighede affekteer. Die Maatskappy kan, ná deeglike oorweging, menings en aanbevelings lewer aan regerings aangaande spesifieke kwessiesd om ons sakedoelwitte en -behoeftes te ondersteun. Dit moet egter nooit gebeur sonder om eers u bestuurder en die Globale Regsorganisasie te raadpleeg nie.

Ons bestry uitbuitende, onmenslike arbeidspraktyke

Colgate bestry die onwettige aanwending van kinderarbeid, die uitbuiting van mense, en alle ander vorme van onaanvaarbare hantering van werkers.

Verder verbied Colgate se beleid samewerking met enige verskaffer of kontrakteur wat bekend is vir onmenslike arbeidspraktyke, insluitend, maar nie beperk nie, tot die volgende:

- Uitbuiting
- Liggaamlike strafmetodes
- Misbruik
- Gevangenisarbeid, verpligte arbeid en/of slawearbeid
- Dwangarbeid
- Enige vorm van mensehandel of
- Ander vorme van mishandeling

Colgate kondoneer nie die oortreding van arbeidswetgewing nie, en indien enige oortreding onder die aandag van die Maatskappy kom, kan dit as gronde vir die beëindiging van die sakeverhouding beskou word.

Ons demonstreer ons verbintenis tot universele menseregte

Colgate het 'n lang verbintenis met respek vir menseregte en arbeidsregte oor die hele wêreld, en steun die Verenigde Nasies se Universele Verklaring oor Menseregte, en was ook 'n stigterslid van die Globale Sullivan-beginsels. Colgate is ook verbind tot die Verbruikersgoedereforum (Consumer Goods Forum) se Resolusie aangaande Dwangarbeid, en het hul Prioriteitsbedryfsbeginsels aangeneem. Om hierdie verbintenisse te weerspieël, handhaaf Colgate die volgende standaarde, en streef daarna om saam met sakevennote te werk om die volgende standaarde te handhaaf:

- ✔ Gelyke geleenthede vir alle werknemers op alle vlakke, ongeag van ras, kleur, geloof, geslag, geslagsidentiteit, nasionale herkoms, burgerskap, etnisiteit, ouderdom, seksuele oriëntasie, gestremdheid, huweliks- of familiestatus, veteraanstatus, of enige ander kenmerk wat deur wetgewing beskerm word;
- ✔ 'n Veilige en gesonde werksplek wat welstand bevorder, en die omgewing beskerm;
- ✔ Lone wat aan alle toepaslike wetgewing en regulasies voldoen;
- ✔ Nakoming van wetlik gevolmagtigde werksur,e, en vergoeding vir oortydure ooreenkomstig plaaslike wetgewing;
- ✔ Agting vir werknemers se wettige vryheid van assosiasie, en die erkenning van alle wettige regte om te organiseer en gesamentlik te beding;
- ✔ 'n Werwings-, aanstellings- en indiensnemingsproses wat nie van werkers vereis om enige fooi of deposito (geldelik of andersins) te betaal nie, hetsy aan enige agentskap, werwer of makelaar;
- ✔ 'n Werwings-, aanstellings- en indiensnemingsproses wat, tensy dit deur wetgewing vereis word, nie van werkers vereis om oorspronklike identifikasiedokumente, reisdokumente of ander persoonlike dokumente of kosbare artikels te oorhandig, of vryheid van beweging andersins in te perk nie;
- ✔ Indiensneming gegrond op die vrye en ingeligte toestemming van die werknemer om die diensverhouding te betree, en te beëindig; en
- ✔ Betaling van lone regdeur die diensverhouding en met beëindiging van diens, ooreenkomstig die bepalings van die kontrak, of soos deur wetgewing vereis.

Ons verhouding met die omgewing.

Ons is daartoe verbind om verantwoordelik op te tree, en ons deel te doen om die aarde se beperkte hulpbronne te help bewaar, asook die welstand van ons planeet te handhaaf.

Ons is verbind tot volhoubaarheid en maatskaplike verantwoordelikheid

By Colgate rig ons dieselfde skerp fokus op volhoubaarheid wat op elke aspek van ons sakebedrywighede toegepas word. Colgate het nog altyd die beginsels van volhoubaarheid ondersteun, en ons kernwaardes – Sorgsaamheid, Globale Spanwerk, en Deurlopende Vooruitgang – rig ons pogings tot volhoubaarheid. Ons fokus ons doelwitte op die bevordering van sosiale impak, Hulp te verleen aan Miljoene Huishoudings, en ons Omgewing te Bewaar.

Verder is ons daartoe verbind om ons doelwit van wêreldwye volhoubaarheid te bereik, naamlik om te verseker dat Colgate se besigheid konsekwent en op 'n verantwoordelike wyse groei, sodat al die aandeelhouers wat ons dien – onder wie ons werknemers, ons aandeelhouers, ons verbruikers, ons klante, eksterne vennote en ander belanghebbendes wêreldwyd – voordeel sal trek, en dat die welstand van toekomstige geslagte terselfdertyd bevorder sal word.

Oor die afgelope paar jaar het ons verbintenis tot volhoubaarheid en maatskaplike verantwoordelikheid toegeneem namate ons hierdie doelwitte in ons sakebedrywighede en ons strategiese groeiplan geïntegreer het. Hierdie geïntegreerde benadering het ons impak vir volhoubaarheid en maatskaplike verantwoordelikheid en ons sakeprestasie versterk, wat ons help om die beste talent te werf en te behou, en wat weer meewerk om verhoudings met ons belanghebbendes te verbeter, en nuwe geleenthede vir innovering te bied. Die belangrikste uitvloeisel van hierdie verbintenis is waarskynlik dat dit Colgatemense oral in die wêreld aanvuur en betrek.

Vir bykomende inligting rakende die Maatskappy se volhoubaarheidsprogram en -inisiatiewe, gaan na colgatepalmolive.com om ons **volhoubaarheidsverslag**, waarin ons uiteensit hoe ons ons doel bereik deur 'n gesonder toekoms vir alle mense, hul troeteldiere en ons planeet te verbeeld, te bestudeer.

Ons bewaak en beskerm die omgewing

Die Maatskappy is daartoe verbind om ons deel te doen om die Aarde se beperkte hulpbronne te help red en bewaar. Ons planeetgerigte verbintenisse strek oor ons energieverbruik, koolstofuitlatings, waterverbruik en afvalherwinning en -verwydering. Elkeen van ons moet derhalwe die letter en die gees van toepaslike omgewingswetgewing en regulasies, en die openbare beleidsrigtings wat dit verteenwoordig, streng nakom.

Ons staan oop kommunikasie met die publiek voor, en handhaaf 'n aktiewe, produktiewe vennootskap met die gemeenskappe wat ons bedien. Ons sal voortgaan om inligting aangaande ons omgewingstrategie en -programme met verbruikers te deel, en om saam te werk met gemeenskapsleiers en ander wat ons verbintenis deel.

Ons volgehoue strategie om ons omgewingsvoetspoor te verminder, sal 'n integrale deel bly van hoe ons ons produkte vervaardig, verpak, versprei en bemark.

Ons verhouding met ons aandeelhouers

Ons streef daarna om die beste belange van ons aandeelhouers te dien, en is vasbeslote om aandeelhouerswaarde te bou deur innoverende produkte te skep wat mense, hul troeteldiere en ons planeet bevoordeel.

Ons handhaaf Goeie Korporatiewe Bestuursoptrede

Die Maatskappy se beleidsrigtings en -programme oor korporatiewe bestuursgedrag, waarvan hierdie Gedragskode 'n sleutelelement is, dien as 'n belangrike veiligheidsmeganisme vir aandeelhouers. Die VSA Kongres, die VSA se Sekuritteits en Uitruilkommissie, die New Yorkse aandelebeurs en ander reguleerders en owerhede wêreldwyd, het die afgelope paar jaar baie wigte en teenwigte deurgevoer ten einde die etiese korporatiewe gedrag te bevorder wat al jare lank standaardpraktyk by Colgate is. 'n Onafhanklike direksie, wat bestaan uit 'n wesenlike meerderheid onafhanklike direkteure en onafhanklike komitees, word deeglik onderwerp aan behoorlike bediening met betrekking tot oudits-, vergoedings- en bestuursgedragsake. Komiteehandveste en bestuursgedragsriglyne wat gereeld opgedateer word, omskryf die direkteure se rol en verantwoordelikhede en die Maatskappy se korporatiewe bestuursgedragsbeginsels baie duidelik.

Vir bykomende inligting aangaande die Maatskappy se korporatiewe bestuursgedragsprogram, raadpleeg asseblief die Raadsriglyne aangaande Beduidende Korporatiewe Bestuursaangeleenthede, asook die handveste van die Maatskappy se Ouditkomitee, Benoemings-, Bestuurs- en Korporatiewe Verantwoordelikheidskomitee, Personeel- en Organisatoriese Komitee en Finansiële Komitee.

Ons handhaaf streng ouditsprogramme om beleggersvertroue te vermeerder

Die maatskappy is verbind tot die gehalte, integriteit en deursigtigheid van sy finansiële verslae. Hierdie verbintenis word weerspieël in die Maatskappy se beproefde beleidsrigtings en prosedures, waaronder 'n interne ouditgroep wat finansiële beheermaatreëls wêreldwyd monitor, onafhanklike ouditeure met 'n breë mandaat, en 'n onafhanklike ouditkomitee wat toesig hou oor hierdie areas. Ons verwag van Colgatemense om oop en eerlike kommunikasie en 'n vrye vloeiwisseling van inligting met die interne en eksterne ouditeure, en die Ouditkomitee, te handhaaf ten einde die doeltreffendheid van hierdie hulpbronne te optimaliseer.

Vir bykomende inligting aangaande die belangrike rol van die Maatskappy se interne ouditeure, onafhanklike ouditeure en die Ouditkomitee, raadpleeg asseblief die **Ouditkomitee se Handves**.

Ons hou aandeelhouers ingelig oor die Maatskappy se vordering

Aandeelhouers word elke jaar uitgenooi na die Maatskappy se jaarvergadering, waar die Maatskappy se vordering die afgelope jaar in oënskou geneem word, en waartydens aandeelhouers die geleentheid verkry om vrae aan die Maatskappy se senior bestuurslede te rig. Gedurende die tussentydse maande, mag aandeelhouers **Die Beleggersentrum**-afdeling van die Maatskappy se webwerf besoek.

Ons verantwoor-delikheid ten opsigte van menings lug.

Ons handhaaf die hoogste etiese standaarde deur ons woorde en optredes, en daag die gedrag van ander uit wat in stryd is met ons Gedragskode, Sakepraktisynsriglyne en Maatskappybeleide.

Deursigtige kommunikasie is noodsaaklik

Elkeen van ons is aanspreeklik vir die nakoming van die Maatskappy se standaarde van etiese gedrag, met alle toepaslike wette en regulasies, en met die riglyne vervat in die Sakepraktisynsriglyne sowel as ander Maatskappybeleide, prosedures en riglyne.

Bestuurders is verantwoordelik daarvoor om hierdie standaarde oor te dra aan die Colgatemense saam met wie hulle werk, om te verseker dat hulle 'n klimaat skep waar mense etiese en wetlike kwessies vrymoedig kan bespreek.

Ons het interne hulpbronne om te help indien u leiding of ondersteuning nodig het

Die Gedragskode kan nie klinkklare antwoorde op alle vrae verskaf nie. Duidelikheid hieroor hang op die ou end af van elke persoon se oordeel van wat nodig is om aan die Maatskappy se hoë standaarde te voldoen, insluitend 'n begrip van wanneer dit gepas is om leiding aangaande die gepaste optrede te verkry. Soek asseblief leiding soos hieronnder beskryf indien u vrae wil opper, of indien u in 'n bepaalde situasie onseker is oor die beste plan van aksie.

Waarheen moet ek gaan indien ek hulp nodig het?

U Bestuurder
Gesels met u bestuurder of 'n lid van u organisasie se leierskorpsspan om kwellinge te bespreek, of indien u vrae het.

Menslikehulpbronne
U plaaslike Menslikehulpbronverteenwoordiger is nóg 'n waardevolle hulpbron vir raad en raadgewing en beraadslaging.

Regsafdeling
Kontak 'n lid van die Globale Regsorganisasie vir enige vrae oor nakoming, of vir advies of bystand te bekom in ooreenstemming met die interpretasie van wetgewing, regulasies of beleidstukke

Etiek en Nakoming
Kontak die Afdeling vir Etiek en Nakoming om vrae te vra, leiding te verkry oor hóe die Gedragskode in 'n spesifieke situasie van toepassing is, of om u mening uit te spreek oor potensiële wangedrag.

Om mening uit te spreek vereis moed

Indien u bewus is van 'n oortreding van die Gedragskode, die riglyne oor Besigheidspraktyksriglyne , of rede het om dit te vermoed, word dit van u verwag om daardie inligting onmiddellik aan u Bestuurder, die Menslikehulpbronneafdeling, die Globale Afdeling vir Etiek en Nakoming, of die Globale Regsorganisasie te rapporteer. Alternatief kan u sonder vrees vir vergelding met vrymoedigheid hoër bestuursvlakke nader.

E-POS
ethics@colpal.com

WEBNUTSMIDDEL
https://colpal.ethicspoint.com/

STEMPOS
(800) 778-6080
(tolvry vanaf VS, Kanada en Puerto Rico)
+1 (212) 310-2330 (kollekteeroproep van alle ander liggings)

POS
Global Ethics & Compliance
Colgate-Palmolive Company
300 Park Ave,
New York, NY 10022

MOBIELE TOEPASSING
Kan by die CP-toepassingswinkel afgelaai word.

QR-kode

Hoe kan ek seker wees dat geen negatiewe stappe teen my gedoen sal word nie?

Beleid van geen vergelding nie

Colgate se beleid en praktyk is om die hoogste etiese standaarde te handhaaf, en om 'n werksplek te skep wat vry is van onvanpaste of onwettige gedrag, en waarin mense aangemoedig word om hul besorgdheid met die Maatskappy te deel, sonder vrees vir vergelding. Gevolglik sal daar by Colgate geen strafmaatreël teen enige werknemer, voormalige werknemer, agent of derde party ingestel word wat oor 'n vermoedelike oortreding van die Maatskappy se gedragskode, Maatskappybeleid of toepaslike wetgewing kla, dit rapporteer, dit ondersoek of help ondersoek nie, tensy daar bevind word dat daar met opset vals bewerings gemaak word, of vals inligting verskaf word, of dit nie te goeder trou gemaak of verskaf word nie. Colgate sal die vertroulikheid van alle klagtes sover moontlik handhaaf. Alle aantygings van vergelding sal ondersoek word, en indien nodig, sal dissiplinêre stappe tot en met diensbeëindiging geneem word.

Alle inligting wat aan die Globale Afdeling vir Etiek en Nakoming verskaf word, word nagegaan, en indien dit op die Gedragskode betrekking het, word dit dadelik en deeglik deur die Globale Afdeling vir Etiek en Nakoming, en/of die Globale Regsorganisasie ondersoek. Dit is gebiedend noodsaaklik dat persone wat sake aanmeld nie hul eie ondersoeke loods nie, aangesien komplekse regskwessies betrokke kan wees. As u op u eie optree, kan u die geldigheid van 'n ondersoek op die spel plaas, en uself en Colgate negatief beïnvloed.

Waar plaaslike wetgewing dit toelaat, kan verslae anoniem aangegee word. Ons moedig u egter aan om uself te identifiseer wanneer u skakel ten einde ondersoek- en opvolgwerk te vergemaklik. Sekere lande het wetgewing wat die tipe inligting beperk wat u wil bekendmaak. Indien hierdie wetgewing op u situasie van toepassing is, sal 'n verteenwoordiger van die Globale Afdeling vir Etiek en Nakoming u na iemand in u sake-eenheid verwys wat u met u vraag of kwelling kan bystaan.

Hou egter in gedagte dat indien u u wil identifiseer, sal die Maatskappy alle gepaste stappe te neem om 'n individu se identiteit en die inligting wat verskaf is vertroulik, te hou. Dit sal slegs die inligting op moet- weet-grondslag bekendmaak wanneer die bekendmaking

- onvermydelik is om 'n doeltreffende ondersoek aan te voer, jou vrae te beantwoord, of gepaste stappe te doen, of
- andersins deur toepaslike wetgewing vereis word.

'n Verslag of klagte kan persoonlike data bevat. Dit is moontlik nodig, onderhewig aan plaaslike wetgewing, om persoonlike data wat in een land verkry is, oor te dra na 'n ander land – waaronder die VSA – om 'n oortreding of vermoedelike oortreding te ondersoek. In sodanige gevalle kan maatskappywerknemers en Colgate-entiteite wat aan die wêreldwye afdeling vir etiek en nakoming se werksaamhede deelneem, persoonlike data gebruik om die verslag te ondersoek, maar net so lank as wat redelikerwys nodig is om dit te doen (sodanige persoonlike data sal daarna vernietig of behou word, bloot na gelang van wat Maatskappybeleid of die wet vereis).

Wêreldwye Etiek en Nakomings –ondersoekproses se te onderneem

Daar word van Colgatemense verwag om hul volle samewerking te verskaf wanneer hulle aan enige Maatskappy-ondersoek deelneem.

'n Ondersoeker
word toegeken op grond van vakkundigheid en objektiwiteit

Feitelike bevindings
word ontwikkel en gebaseer op die ingesamelde inligting

Algemene terugvoer
oor die uitkoms van die ondersoek word verskaf



Onderhoude word gevoer
en dokumente word deur die Ondersoeker hersien

Korrektiewe aksies
word aanbeveel, gebaseer op die bevindinge

Wat gebeur wanneer Colgatemense hulle uitspreek teenoor die Globale Etiek en Nakomingsafdeling?



Voorbeelde van kwellings wat oor die algemeen nié aan die Globale afdeling vir Etiek en Nakoming gerapporteer moet word nie:

- Bonusplanne of bonusuitbetalings
- Betaalstaatkwessies
- Verlof of Vakansietyd
- Individuele doelwitte
- Werkskedule- of skofveranderings
- Bywoning
- Mediese of Gestremdheidsvoordele

Hierdie soort kwellings moet tipies onder die aandag van die Menslikehulpbronneafdeling gebring word.

Dissiplinêre stappe kan gedoen word

Die Maatskappy volg 'n "geen verdraagsaamheids"-beleid ten opsigte van enige gedrag wat die Gedragskode of die Sakepraktisynsriglyne oortree oortree.

Dit beteken dat sodra 'n oortreding bevestig is, gepaste stappe gedoen sal word wat strook met die aard en omvang van die oortreding.

Voorbeelde van stappe wat gedoen kan word sluit die volgende in:

- Prosesverbeterings
- Beleidsontwikkeling of -hersiening
- Kommunikasiestrategie
- Aanstel van 'n afrigter of mentor
- Dissiplinêre optrede
- Beëindiging van diens

Geen individu of bestuurder in die Maatskappy het die magtiging om teenstrydig met hierdie Gedragskode op te tree, of om sodanige optrede deur enige ander persoon te magtig, te koördineer, goed te keur of oor die hoof te sien nie. As sulks is dit die Maatskappy se bedoeling om die voorkoms van gedrag wat nie met die Gedragskode of met sakepraktykriglyne strook nie te voorkom, en om sulke gedrag wat wel voorkom so vinnig moontlik te staak nadat dit ontdek is, . Colgate-mense wat die gedragskode of sakepraktisynsriglyne oortree, stel hulself bloot aan dissiplinêre optrede, wat diensbeëindiging insluit, onderhewig aan plaaslike wetgewing.

Die Gedragskode geld vir alle Colgatemense en -bedrywighede

Die Globale Afdeling vir Etiek en Nakoming sal nakoming van die gedragskode en die sakepraktisynsriglyne monitor. Die Department doen verslag aan die Voorsitter, President enHoofUitvoerende Beampte, asook aan die voorsitter van die Ouditkomitee van Colgate se Direksieraad oor die vestiging, inwerkingstelling en afdwinging van die Gedragskode en verwante programme. Inligting wat aan die Globale Afdeling vir Etiek en Nakoming oorgedra word, of wat deur ander kanale verkry word, word – waar nodig – vertroulik aan die Ouditkomitee oorgedra. Die Gedragskode is van toepassing op almal wat vir die Colgate-Palmolive-Maatskappy en filiale – beamptes inkluis – werk. 'n Afdruk van die Gedragskode is aanlyn beskikbaar op sowel ons interne intranetwebwerf as ons eksterne webwerf. Colgatemense oral in die wêreld toon hul verbintenis tot nakoming en die Maatskappy se etiese standaarde deur op 'n jaarlikse grondslag deel te neem aan gedragskodeopleiding en -sertifisering.

Het u 'n vraag?
Kom ons rig u in die regte rigting.

Wat is die Maatskappy se riglyne in verband met die gee of ontvang van geskenke?

Ek is bekommerd oor vergelding.
Wat is die Maatskappy se beleid?

Wat is die Maatskappy se verwagtings in verband met die gebruik van sosiale media deur Colgate-mense?

As 'n persoonsbestuurder, hoe demonstreer ek etiese leierskap?

Wat is die Maatskappy se beleid oor teistering?



Watter opsies is vir my beskikbaar as ek my mening wil lug?

Is dit in orde dat ek 'n tweede werk kry buite Colgate?

Wat is vertroulike inligting?

COLGATE-PALMOLIVE COMPANY

300 Park Avenue
New York, NY 10022
212-310-2000
www.colgatepalmolive.com